**19 Julie 2020** **Geduld as vrug van die Gees (Preek 7)**

- **Kom ons loof en dank nou die Heer**
- **Die Onse Vader gebed**

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

**Matteus 18: 21-35**

| | |
|---|---|
| 21 | Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: “Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?” |
| 22 | Jesus antwoord hom: “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer. |
| 23 | Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan. |
| 24 | Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het. |
| 25 | Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word. |
| 26 | Die man het voor hom neergeval en gesoebat: ‘Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.’ |
| 27 | Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf. |
| 28 | “Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: ‘Betaal wat jy skuld!’ |
| 29 | Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: ‘Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.’ |
| 30 | Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het. |

| | |
|---|---|
| 31 | “Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel. |
| 32 | Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: ‘Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. |
| 33 | Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?’ |
| 34 | Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het. |
| 35 | “So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.” |

Galasiërs 5: 14-15

| | |
|---|---|
| 14 | Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” |
| 15 | Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie. |

Familie en vriende in onse Here Jesus Christus:

Die vrug van die Gees, sê Galasiërs 5:22, is ook Geduld…

**Wat beteken geduld, familie en vriende?**

Ons kry so ‘n ietwat indruk daarvan wanneer ons in Galasiërs 5:14-15 lees wat Paulus daaronder verstaan het: Die hele wet, sê hy, word in een woord saamgevat naamlik dat ons mekaar moet liefhê. Maar, sê hy vir die Galasiërs, julle byt en verskeur mekaar. Pasop dat julle nie so aangaan en aangaan dat julle mekaar later heeltemal verslind nie.

Nog ‘n beter indruk van wat geduld beteken, familie en vriende, kry ons egter by Jesus self waar Hy hier aan die woord in Matteus 18 is.

Jesus is hier besig om sy dissipels te leer hoe hulle moet omgaan met diegene wat na hulle oordeel, sondig, ook teen hulle sondig. Hy begin deur te sê dat wanneer jou broer

verkeerd opgetree het teenoor jou, waar hy jou te na gekom het, jou benadeel het, dan moet jy hom eenkant en alleen teregwys. En as hy na jou luister, dan het jy jou broer teruggewen. Alles nou reg.

Interessant, familie en vriende, is dat ons uit die teks aflei dat hierdie nie vir Petrus ‘n probleem was nie. Hy het goed geluister. Want onmiddellik verstaan hy dat Jesus hier besig is om met hulle oor vergifnis te praat.

- Wat natuurlik nooit ‘n maklike saak is nie.
- Veral as jy deur die optrede van ‘n ander werklik benadeel is.
- Tog lyk dit of Petrus wat Jesus hier sê, aanvaar.

Maar tog bly Petrus ook ‘n mens. En daar is iets wat hom pla. Die saak rondom die grens van vergifnis. Om te vergewe is vir hom aanvaarbaar, maar hoeveel keer moet hy bereid wees om dit te doen? Daar moet tog seker êrens ‘n grens wees? Daar kom tog seker ‘n punt waar ‘n mens moet sê: genoeg is nou genoeg. Nou kan dit nie verder gaan nie.

Tipies van die wettiese mens, wat presies wil weet wat hy mag en nie mag nie, wat jy moet en nie moet nie. Waar die grens kom wanneer jy nie meer jou hoef te bekommer nie. Waar, wat jy gedoen het, duidelik genoeg was. Daarom stel Petrus ‘n perk. Sewe keer, reken hy Jesus, sal seker genoeg wees. Daar is seker ten minste die grens van wat van jou verwag word.

Maar dan gee Jesus hom ‘n aangrypende antwoord. Nie sewe maal nie, maar sewentig maal sewe. Vergifnis, sê Jesus, het nie te maak met somme nie. Vergeet van tel, vergeet van boekhou. En om dit verder te verduidelik, vertel Jesus ‘n gelykenis.

Daar was ‘n man, sê Jesus, wat soveel geskuld het dat hy sy skuld nie kon regmaak of aflos nie. Met hierdie skuldlas het hy geleef, en geweet dat die dag van afrekening tog eendag sou aanbreek, ‘n dag wat hy logies gevrees het. En toe breek die dag aan.

Verkoop alles, sê die koning, wat hy het, ook sy vrou en sy kinders. Nie omdat dit enigsins sy skuld sou aflos nie, maar omdat reg en geregtigheid moes geskied.

Maar die man smeek en pleit. Om tyd, om uitstel. Met ander woorde: hy pleit om die geduld, die lankmoedigheid van die koning. En dan gee die koning dit. Hy kry hom jammer, en laat hom gaan.

‘n Mens kan jou maar net indink hoe bly hierdie man moes gewees het! Ewe skielik was hy vry. Hy kon huis toe gaan, na sy eie huis, na sy eie familie. Maar toe hy buite kom, vertel Jesus, gebeur amper die onbegryplike: hy gryp ‘n medeamptenaar wat hom geld skuld, wurg hom en eis wat hy hom skuld.

En soos hy vir uitstel tyd, met ander woorde, geduld en lankmoedigheid gepleit het, pleit hierdie man by hom. Met die verskil dat hierdie man seker wat hy geskuld het sou kon betaal.

Maar die een wat pas vergewe is, wat pas aan die mooi kant van geduld en lankmoedigheid gestaan het, wil nie wat hy so pas ontvang het uitdeel nie.

En toe die koning dit hoor, roep hy hom terug en gee hom oor om gemartel te word. Want, sê hy: moes jy hom nie jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?

Dit is baie maklik om af te lei, familie en vriende, hoe Jesus Petrus se vraag beantwoord het. God het onbeperkte geduld en vergifnis, daarom moet ons ook, juis teenoor ons skuldige naaste hierdie onbeperkte Geduld en vergifnis toon.

Want ons is hierdie amptenaar, familie en vriende. Dit is ons oneindige skuld wat vergewe is, en dit is waarom ons dieselfde aan ons medemens moet doen. So eenvoudig is dit.

En hierdie, familie en vriende, is juis die groot gevaar van oppervlakkige prediking en moralistiese mooipraatjies oor die geestelike lewe. As ons nie verstaan wat sonde en skuld en vergifnis is nie, as ons maar net dink die evangelie wil van redelik ordentlike mense nog ‘n meer ordentlike mense maak, het ons nog nooit verstaan waaroor diens aan God gaan nie.

Iemand wat nog nooit raakgesien het dat God met ons oneindige geduld het nie, sal daarom nie met ander geduld kan hê nie.

Wat beteken dit alles prakties, familie en vriende? Hoe, sê die Bybel, beoefen ‘n mens hierdie geduld, as vrug van die Gees, prakties?

- Nie deur mekaar te byt en later op te vreet nie.
- Nie deur ander dop te hou, te kritiseer, te verwyt, te beskuldig en later te haat nie.

- ‘n Ander niks te gun en ander te probeer aftakel, verwoes, slegmaak en afbreek nie.
- Ook nie deur ander te belaster te beskinder, te beswadder en te benadeel nie.
- Ook nie, familie en vriende, om vergifnis en geduld te beoefen soos Petrus wou nie.

Petrus wou nie byt en opeet nie, hy wou vergewe. Maar hoekom? Hy wou dit doen omdat dit voordelig was, omdat dit beter menslike verhoudings moontlik gemaak het, omdat daar vrede sou wees (onheilige vrede).

Met ander woorde: hy wou vergewe, maar tog onthou, tog tel, sodat, wanneer die skuld te veel en te erg geword het, hy dit sou kon ophaal en straf. Hy wou vergewe maar nie vergeet nie. Hy wou vergewe, maar tog onthou, ingeval dit later nodig sou wees. Hy wou vergewe met ‘n dreigement: ek vergewe jou nou, maar pasop as jy dit die sesde keer doen, want dan….

Vergifnis, geduld, lankmoedigheid, familie en vriende, leer Jesus ons, is egter iets anders. Dit is om waarlik, van harte, te vergeet. Nie om te maak of jy nie sien en nie weet nie, maar, om terwyl jy weet, te vergewe.

Daarom: geduld, as vrug van die Gees, is om mense ‘n kans te gee. Om hulle ou mislukkings nooit weer teen hulle te hou nie. Want dit is tog wat God met ons doen. Hy tel nie. Ons mag ook nie. Daarom: wie tel, ken God nie.

Amen

**Gebed:**

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”. Amen

- **Halleluja in my hart – Retief Burger**
- **Seëngebed – Retief Burger**